

## Sentrum vir Predikante-Begeleiding

Menuha, Sentrum 14 - Dit is nogals 'n ervaring. En vol uitdagings. En heel moontlik die beste ding wat jy hierdie jaar vir jouself kon doen.

Jy word getref deur die liefde en omgee van almal wat die eerste dag kom aansluit om ook vir jou te begelei tot dieper kennis van die self. Jy begin gesels en gaandeweg dring dit deur: hierdie manne en vroue het groot opofferings gemaak om hierdie sentrum vir jou 'n groeigeleentheid te maak. Vir party die vierde keer hierdie jaar wat hulle kon saamwerk om ander te dien.

Die kos was uitstekend. Verrassend met uitsonderlike slaaie. Die lekker eet was goed vir bedieningsmoeë lywe. En so ook die aande se saamkuier om die vuur. Dit opsigself was die reis soontoe en terug werd.



As die son opkom en jy stap ná 'n koffie die bultjie uit, kapèl toe, dan kom sit daar 'n vrede in jou. In die kapèl met die mooie uitsig oor rant en dam, kom die besef opnuut tuis, God is ook hier. Hy het tent opgeslaan by ons. Hy het saamgestap na ons Emmaus toe. En dit is goed vir my. Saam, biddend voor die Here begin die dag op die beste wyse ooit met stiltes, saambid, saam praat en net, sáám wees voor God.

En dan is dit jy wat insit, ontvang, in die speel kyk, prosessee en weer en weer deur die meul werk en dan kan besluit wat jy hiermee gaan maak. Vir my was dit in geheel gesien positief. So ook vir die manne saam met wie ek gereis het. 'n Geleentheid vir groei en so 'n bietjie anders kyk.

'n Groot dankie aan almal wat die stukkie pad saam met ons as deelnemers kom reis het en dit die moeite werd gemaak het.

**Carlie Schiel**

**Leraar: NG Deneysville**